Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

Deel IX. VRYDAG, 11 JUNIE, 1954. No. 3.

# WELKOM TOEGEROEP AAN ALLE TUKKIES

## INTERVARSITIE-UITSLAG IN DIE WEEGSKAAL

## *Verbete Hoofdis en Pawiljoen-stryd Verwag!*

**Gedurende hierdie naweek val al wat 'n Tukkie is die ou hoofstad van die Transvaal binne om vir die soveelste keer kragte te kom meet met die P.U. vir C.H.O. Die akademie word temidde van etlike toetse so effens opsy gestoot, die swot-leisels word oorgegee aan ons leermeesters en die sg. onverantwoordelike studente eis die laaste sê op. En „party" is aan die gang!!**

Sommer hartlik welkom geheet in Potchefstroom, Tukkies. Elke Puk groet julle. Ons hoop werklik dat die breek wat julle gemaak het die moeite werd gaan wees.

### TRADISIE.

Getrou aan die tradisie word die uitslag van die eerste-spanne beskou as die uitslag van die intervarsitie. Hierdie wedstryd is die hoofdis. En hier kan die toeskouers 'n interessante botsing verwag.

Die uitslag? Dis 'n strikvraag, veral as 'n mens die intervarsities dusver hierdie jaar in oënskou neem.

'n Maand gelede moes die Pukspan in die stof byt teen U.O.V.S met 'n verpletterende nederlaag. Niemand nie, nie eers die Outjies nie het so 'n groot oorwinning verwag nie. Toe ruk Wits op teen U.P. en weer 'n keer word die sportpubliek verras toe die Witsspan die Tukkies wen met 12-0. Hier op Potchefstroom was die gangbare opinie dat sake anders sou verloop.

### WITS-FIASKO.

**Maar die verrassing van die jaar was seer seker die pak slae wat Wits hier op Potchefstroom kom haal het, toe die Pukke voor verlede week 16-9 gewen het.**

En wat gaan nou tussen U.P. en ons gebeur?—Geen sportkenner gaan enigsins 'n voorspelling waag nie. Sulke wysheid sou dwaasheid wees.

Een ding is seker. Tukkies kom hier weerwraak neem en die Pukke wil hulle verdiende oorwinning oor Wits teen U.P. handhaaf—dat dit nie die geluksgodin was nie.

Op die Park gaan dus 'n slagting plaasvind. Die tellings gaan miskien nie groot wees nie—daarvoor is die verdediging aan beide kante te dodelik, maar een ding is seker. Dit sal 30 besetenes wees wat Dewey de Wet en Rooi Theron op die veld gaan lei.

### Pawiljoenstryd ewe kwaai.

Op die pawiljoen sal nog 'n verbete stryd gevoer word tussen **Mike Smit** en **Wintie van Niekerk** se volgelinge. En al is dit slegs om na hierdie twee se gevatte gesegdes Park toe te kom en te kom luister is dit al oorgenoeg rede om teenwoordig te wees. Hierdie tweegeveg gaan ten minste skoon wees en 'n lus om te aanskou. **Winties** het nie verniet na die Bloemfontein episode sovee! U.O.V.S.-aanhangers oorrompel nie. Hy is ongetwyfeld die pittigste dirigente wat die Pukke nog gekies het om die sang te lei. **Mike** is 'n man van min woorde, maar na verneem word praat hy net wanneer hy sy teestander kan smeer. Hier gaan groot sport sport wees. Wat die Pukke betref is hierdie uitslag nie in die weegskaal nie. Ook nie wat sang betref nie. Die kronienboeke verhaal hier onomstootlike feite.

Ieder geval, op die Park sal sake nie beklink wees voor die eindfluitjie blaas nie.

**'n Harde wedstryd word in die vooruitsig gestel. Ons wil aantreklike studente-rugby sien waardie telling nie die hoofsaak gaan wees nie. Dit ook, maar oop en skouspelagtige voetbal — daarna verlang die Potchefstromers. Sterkte toegewens aan beide spanne, en geluk aan die oorwinnaars!!**

---

Mnr. Jan C. Potgieter, sekretaris van die Studenteraad moes as gevolg van ernstige redes die S.R. bedank. Hy was die afgelope jaar ook president van die A.S.B. In sy plek het die Studenteraad toe die hulp-sekretaris, mnr. W. F. Steenkamp as nuwe sekretaris ge-koopteer.

Mnr. Steenkamp is finale jaar B.A.-student. Hy is van voorneme om volgende jaar Teologiese Skool toe te gaan.

---

**„Die Wapad" wens mej. Annatjie Kruger en mnr. Pieter G. W. du Plessis hartlik geluk met hulle verlowing gedurende die Paasnaweek. Ons verneem dat die volgende stap vroeg aanstaande jaar sal plaasvind waarna die paartjie na Nederland vertrek. Mnr. du Plessis is van voorneme om vir sy doktersgraad te studeer in die Wysbegeerte aan die V.U. Amsterdam.**

### P.U.-Afvaardiging na Bloemfontein.

Soos reeds vroeër in „Die Wapad" berig word 'n konferensie van alle Studenterade saam met die hoofbestuur van die A.S.B. op Bloemfontein gehou. Hierdie vergadering word op 25 en 26 Junie gehou met die doel om 'n Federa-

(Vervolg van blds. 2 kolom 4).

## MIKE EN WINTIES BEGIN OPWARM



In die lewe van 'n student kan die hou van 'n intervarsitie nie ligtelik oorskat word nie. Vir die studentegemeenskap as 'n geheel is die groepselement, die aangename kameradie en saamhorigheid wat ontwikkel van onskatbare waarde.

Twee faktore is noodsaaklik vir 'n suksesvolle Intervarsitie: 'n Rugbyspan wat al instaat is tot aanskoulike spel en 'n gesonde studentegees. Tukkieland is vanjaar weer besonder ryk bedeeld met beide en my hart gaan uit na my kollege Wintie. Ek wil net die Puk verseker dat ons die oorwinnings van die afgelope paar jaar gaan herhaal; nie alleen op die veld nie maar ook op die pawiljoen gaan ons julle weer wys dat ons bobaas is. Hou lus maar die Rooikruis kamele gereed.

Saterdag sien ons mekaar van aangesig tot aangesig in die uur van ons grootste triomf!

(Get.) MIKE SMIT,
U.P. Sangleier.



Hallo Pukke,

Vandag is die dag der dae. Die Tukkies draf weer vandag ons Pukke land binne vir ons tweede intervarsity vanjaar.

'n Intervarsity van betekenis gaan dit wees, want beide ons en Tukkies wil weerwraak neem n adie geweldige pakke wat beide van ons gekry het. Maar Pukke ek weet dat hulle 'n pak sal kry tot groot vermaak van die skare—'n pak nie net op die veld nie, maar ook op die pawiljoen.

Die Tukkies het glo die jaar soos in die verlede weer 'n rariteit of Volksvader wat hulle weer op die pawiljoen sal lei—ene Mike Smit, die vader van vele. Hy is glo al 'n hardebaardknaap van 32 (Pukke behandel hom tog met die nodige respek).

Welkom in Pukke land Tukkies ons hoop die intervarsity sal net so 'n sukses wees soos die in die verlede. Sterkte aan alle Tukkie- en Pukkie-spanne.—Pukke moet tog nie op koue klippe sit voor die intervarsity nie en dra tog gereeld julle rooi-flennie onderhempies.

WINTIES VAN NIEKERK.

## „DIE TRANSVALER" TIK WITS EN IKEYS.

Dit word hoog tyd dat die universiteitsowerhede van Johannesburg en Kaapstad van hul akademiese vryheid en outonomie gebruik maak om die meerderheid van studente, wat in hul tartende vyandigheid teen apartheid al hoe astranter word, kort te vat.

In Kaapstad eis die studentemeerderheid koshuise waarin blank en nie-blank deurmekaar kan tuisgaan. In Johannesburg voer hulle nou al lange tyd 'n openlike stryd teen die mate van maatskaplike apartheid wat die Raad en die Prinsipaal te midde van akademiese gelykstelling probeer toepas. Hier het dit trouens al so erg geword dat die studente hul eie universiteitsaal boikot, hul kunsfees elders juis in 'n natuurellesaal gaan hou, en dan nog intimidasie probeer uitoefen teen die inskiklike studente wat die opdragte van die owerheid eerbiedig. En dis nie al nie. Toe hulle nie hul sin kon kry om 'n betoging te hou nie, gaan hulle heen en passeer 'n protesmosie, wat byna aan 'n mosie van sensuur en wantroue grens, in hul eie prinsipaal.

'n Mens waardeer die mate van tug en gesonde verstand wat die huidige en ook die vorige Prinsipaal in verband met die liberalistiese studente uitgeoefen het. Daar sal nou egter skerper opgetree moet word as die studente nie heeltemal moet hande uit ruk nie.

Terselfdertyd moet die universiteitsowerhede darem ook besef dat maatskaplike skeiding nie onder toestande van akademiese gelykstelling gehandhaaf kan word nie. Dit is eenvoudig prakties onmoontlik. Buitendien gee dit die studente aanleiding om te dink dat hul owerhede halfhartig is, wat hulle dan weer prikkel om die logiese b op hul hoofde se swak a te laat volg. 'n Steeds meer militante liberalisme sal hoogty vier solank die owerhede op twee gedagtes hink. Eers nadat hulle self 'n besliste gedragslyn volg, sal hulle kan hoop om hul studente in toom te hou en reg op te voed. (Oorgeneem uit Die Transvaler).

# *Die Wapad.*

VRYDAG, 12 JUNIE, 195b.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*



## REDAKSIE.

HOOFREDAKTEUR ........ D. F. Erasmus.
SUB-REDAKTEURS: Sport ........ Koos Hugo.
Mej. B. Botha.
Nuus........ D. F. Erasmus.
Varia........
Mej. Ponie du Plessis.
Kuns........ G. v.d. Bergh.
FOTOGRAAF ........ F. Botha.
SPOTPRENTTEKENAAR........ J. Smith.
ADMINISTRASIE........ C. Schlesinger (Voors.)
A. Hechter.
A. E. Makkink.
L. Swart.
V.d. Dissen.
H. Swanepoel.


# *MOET ONS NOODWENDIG VERSKIL?*

Dit is 'n helder openbaring hoedat sommige van die studente, en nou dink 'n mens veral aan besondere studente-raadslede, periodiek daarvan beskuldig word dat hulle sogenaamde verraad pleeg teenoor die „ander” beginsel as hulle met die Calvinistiese beginsel van die Studenteraad geen fout kan vind nie. Want dit wil 'n mens voorkom dat as jy nie Teologiese Student is nie en jy ook die eer het om op die Studenteraad te dien dat diesulkes noodwendig met die ideologie van die P.U. vir C.H.O. moet bots. Trouens, dit word almeer van diesulkes verwag. Want as die Studenteraad deesdae 'n besluit neem wat enigsins na beginsel lyk, dan is die eerste vraag wat gestel word: „Het die en die toe daarteen gestem?” Is dit antwoord „NEE!” dan word diegene onmiddellik daarvan beskuldig dat hulle die sg. „ander” beginsel of groepie in die steek laat. Asof die Calvinisme net aan die Gereformeerdes behoort. Wat dan van die ander Inrigtings wat dieselfde vir hulle as gemeengoed opeis. En wie gun die ander dit nie ook nie?

Geluikkig is dit 'n klein groepie. . . . Of is dit dalk ongelukkig. Maar dit lyk soms werklik of ons nie mekaar se beginsels wil respekteer nie. En dit is heilige besittings. . . . Ook nie dat 'n mens in absolutisme wil verval nie; seer seker 'n gevaar om voor te waak. Maar as 'n mens geen verdraagsaamheid kan beoefen nie is hy seker ni eiemand wat kan roem dat hy in Rome maak soos die Romeine nie.

Die tyd het aangebreek dat ons mekaar se beginsels begin respekteer, al behoort jy aan watter groep ookal soos wat dit hier op Potchefstroom wel die geval is. Ons Studenteraad doen dit van sy kant sover moontlik, Teoloë of nie. As dit elders maar so verdraagsaam kan geskied as wat dit hier getrag word sal ons Potchefstromers meer „tyd” vir mekaar kan hê. En mens moet erken dat alles wat in ons hoogste liggaam besluit word nie alles uit die bose is nie.

# *What the White Man has done for the African*

1) **THE MISSIONARY.**

**I cannot begin any appreciation of what the white man has done for my people without referring to what fine band of men and women who, at great personal risk and sacrifice, has undertaken to come to this country, imbued with the spirit of service. These people have gone to all corners of this continent and have rendered great service to my people. They have brought hope where there was despair, light where there was darkness, and with great unselfishness, have gone about their work to foster the Christian gospel in the land. They have come to know our people and in that way have wormed themselves into our hearts so that they greatly enjoy our confidence, for they have shown their unwavering spirit of service and interest in our welfare. One cannot sing their praises enough.**

2) **RELIGION.**

The Christian religion, its message and tenets, is the most welcome of what has come to this country from Europe. That it has spread and is still spreading in this country is an indication of its popularity and its comforting message of brotherhood, hope and fellowship.

It is unfortunate that the European, who brought this potent and wonderful teaching, contributes sometimes towards stemming its progress by behaviour that is not exemplary.

3) **EDUCATION.**

To know that we are gradually being equipped to take our place in this country with anyone who calls himself civilised or even with the rest of the civilised world, we owe to education. Our education has been fairly broad and we have been prepared to meet many real life situations. Unfortunately again one regrettably says that many doors of learning are still barred to us. Again we turn with gratitude to the white missionary for his pioneering work.

4) **HEALTH.**

The European has brought an improvement in our health services by bringing the system to what is acceptable in all civilised countries, by the establishment of clinics and hospitals, the training of nurses and doctors. We highly appreciate what has been done, is being done and is still to be done for a healthier African race.

5) **GENERAL.**

(Vervolg volgende kolom).

One is grateful to the Europeans who have tried to understand us, have interested themselves in our problems and have worked towards a solution of them and the alleviation of our suffering. We appreciate especially their courage to do this in a country that so dominated by fear. We trust that many will say with a correspondent in the paper—Die Transvaler—“Rathe r be a kaffirboetie than a kaffir hater”, for along that road is the hope for better race relations in this country we ALL love so dearly.

# Oordenking
# VREDE OP AARDE

**Lukas 2: 14: . . . vrede op aarde . .**

Wat is die bedoeling van die engele met die vredesroep? Beteken dit vrede onder mense, onder volke?

**Onmoontlik!** Sedert die engelesang was dar nog geen oomblik vrede op die aarde nie.

Dit is 'n gepantserde wêreld, 'n wêreld van gevegslinies en atoominstallasies.

Die psalmgesang van die wêreld is die donderende kanongebulder.

Die gebed van die wêreld is die gekerm van miljoene sterwendes op die slagveld.

Die kerk van die wêreld is die laboratoriums en wapenfabrieke.

Beteken die engelesang vrede in die wêreld?

Nee! Al span die V.V.O. sy kragte tot uiterste in, vrede tussen mense en volke stal nie aanbreek voordat Christus weer kom op die wolke van heerlikheid nie!

Christus het self gesê:

**Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.**

Vrede op aarde! Geen vrede tussen volke nie, maar **vrede met God, vrede in die mensehart!** D aarvan sing die engele.

Om dit te verstaan voer ons u gedagtes na die Paradys, na die sondeval.

Die sonde van Adam en Eva was opstand teen God, oorlog met God.

Hierdie oorlog met God is die wortel van alle vyandskap, van alle oorlog onder die nasies.

Dit duur nie lank nie of die oorlogslied van Lameg styg hemelwaarts: :

„Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond, en 'n seun wat my kwes.”

Maar hoe kan die engele dan sing van vrede op aarde?

Ons het verwag dat die helde van God met hulle bliksemende wapens uit die hemel sou neerdaal om die mens te verdelg . . . . en nou lê die troongeeste van God hulle wapens neer en kom met 'n vredesuitroep!

Waarom?—**Omdat in die krip krip van Betlehem die Seun van God lê!**

Hy is die Vredevors wat deur God gestuur word om weer vrede met God in die harte te bring.

Die eerste Adam het die onvrede met God in die hart teweeggebring.

Jesus Christus, die tweede Adam, bring die vrede weereens in die hart.

Maar dan geld die vredesuitroep nie vir Christus nie.

**Vrede vir ons beteken geen vrede vir Christus nie!**

Jesaja het dit reeds geprofeteer (Jes 53: 5):

„Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom.”

Aan die kruis van Golgotha het Jesus Christus ons Vrede geword.

Oraloor hoor ons vandag die kreet om vrede. Maar dit is 'n oppervlakkige uitroep want dit beteken nie vrede met God in die hart nie.

Daarom sal die volke bly veg. Moenie dink dat hierdie vrede wat ons nou ondervind langdurig sal wees nie! Dit is geen gewillige vrede nie, maar 'n gedwonge vrede omdat die volk uitgeput is.

Omdat die volke niks wil weet van vrede met God in Christus nie, **daarom sal God veg.**

Hy tref reeds en sal steeds die nasies, die aarde met sy ontsettende oordele tref.

Buite Christus is God 'n verterende vuur.

Die vraag is nou: **Is daar waaragtige vrede met God in u hart, studente?**

Waarom soveel afguns en nawyer dikwels in ons harte? Waarom soveel kwaadsprekery en onenigheid tussen gelowiges onderling? Waarom gun ons as gelowiges mekaar geen rusplek op die aarde nie, terwyl die ongelowige dikwels 'n ereplek in ons harte beklee?

Op al hierdie vrae is daar slegs ee nantwoord:

**Omdat daar geen waaragtige vrede met God in die hart is nie!**

Vrede op aarde. Vrede met God, vrede in die mensehart!

C.J.M.

# *Van Studenteraadswee*

12 Junie, en feitlik is ons al aan die einde van die eerste semester Die tyd van Junie-toetse en halfjaarlikse eksamens, is so-te-sê agter die rug, en nou lê daar weer 'n lekker lang rustyd voor!

In die afgelope semester het daar groot dinge in ons midde plaasgevind—ons dink aan die hoeksteenlegginb van ons Studentesaal wat nou vinnig voltooiing nader. Heelmoontlik sal ons vroeg in volgende kwartaal die saal in gebruik kan neem, en moenie praat van die vreugde wat dan hier sal heers nie—iets vreesliks!

Op sportgebied het die kurwe van die grafiek stygings en dalings getoon. Hoewel ons teen U.O.V.S. verloor het, het die Pukke egter weereens getoon dat hulle kan verloor en nogtans die sportmargees hooghou! Die Studenteraad wil graag almal bedank wat die reëlings van die Intervarsity vlot laat verloop het, en veral dink ons aan **mnre. G. N. v.d. Bergh** en **P. J. Pelser,** asook **mej. Bet Botha,** wat 'n reuse-aandeel in die sukses van die Intervarsity gehad het. Ook aan **mev. v.d. Merwe** en **dr. Fourie** wat as reisouers opgetree het, ons hartlike dank.

Teen Wits het die O.19 en Theos egter vir 'n baie aangename verrassing gesorg deur hulle oorwinnings van 25-3 en 16-6 onderskeidelik. Mooi so, kêrels, en handhaaf hierdie prestige teen die Tukkies ook!

Tydens die Julie-vakansie sal hier in Potchefstroom die jaarlikse hokkie-toernooi (inter-universitêr) plaasvind. Aan **mnr. Jack Strydom,** kaptein van die mans-hokkieklub, asook **mej. Selma van Schouwenburg,** kapteine van die dames, wil die S.R. alle sterkte toewens. Hou die bal aan die rol, Pukkies, en mik goed en raak!

Julie-vakansie sal daar op Bloemfontein plaasvind die stigtingsvergadering van die Federasie van Studenterade. Van die plaaslike S.R. is afgevaardig **mnre. P. J. Pelser, Ph. C. Snyman, L. S. van de Vyver** en **J. Visser.** Hierdie here verkry egter geen volmag om enige besluit namens die S.R. te neem nie, maar sal eers aan die volle S.R. verslag doen van die verrigtinge, waarna die S.R. dan self sal besluit.

Vir die Studentesaal-boufonds het die S.R. 'n pragtige donasie van £50 ontvang van **mnr. Turkstra** van Turkstra-Bakkery. Ook van **mnr. Piet Taljaard,** eienaar van die Lokale Mans- en Dameshaarkappersalon, ontvang die S.R. 'n gereelde maandelikse donasie. Ons hartelike dank gaan aan hierdie persone, **en die S.R. wil 'n baie ernstige beroep op ons studente**



**doen om asseblief hierdie persone te ondersteun.** (Die Lokale Haarkappers is net duskant die King's Hotel).

As gevolg van die bedanking van mnr. J. C. Potgieter as sekretaris van die Studenteraad, is mnr. W. F. Steenkamp verkies vir daardie posisie. Van Studenteraadsweë word mnr. Steenkamp baie geluk gewens. Ons wil ook mej. Anna Kruger en mnr. Pieter du Plessis gelukwens met hu l verlowing—ons hoop dit gebeur nie weer nuie!

Ten slotte wil ons elkeen wat tydens die Intervarsity teen U.P. ons Alma Mater sal verteenwoordig op watter gebied ookal, baie sukses toewens. Hou die lyne styf, Pukke, en speel lekker!

Aan alle studente en personeellede wil ons ook 'n aangename Julie-vakansie toewens; mag u almal fris en gesond terugkom, met nuwe lus en moed en krag vir die laaste twee skofte!

(Get.) J. VISSER

(Voors. S.R.)

(Vervolg van blds. 1 kolom 1)

sie van Studenterade in die lewe te roep. **Die P.U.-afvaardiging is soos volg saamgestel Mnre. P. J. Pelser, Ph. Snyman, L. S. v.d. Vyver en Jan Visser wat die S.R. sal verteenwoordig, en mnre. J. H. (Winties) van Niekerk en D. F. Erasmus wat as A.S.B.-Hoofbestuurslede teenwoordig sal wees.**

Sover verneem kon word stuur al die Studenterade van Afrikaanse Universiteite en Normaalkolleges afvaardigings na hierdie konferensie, behalwe U.P.

## Tarentaal kies weer.

Toe die trein Donderdag l.l. op Tarentaalstasie instoom het die hele wêreld gewemel van klein tarentaaltjies wat verwilderd rond en bont gestaan het in afwagting. Toe die trein eindelik op die glibberige spoor tot stilstand kom, het die Groot Gees van die Tyd verskyn. Die hoenderstalasie was veelkleurig versier met kalkoenspore, tarentaalvere en geel gorjette toe sy die trapleer bestyg. Oupa Gutter kry 'n mosie van wantroue omdat hy 'n staatsgreep op Elsie O. wou uitvoer en Mies Els i Oosthyzenn word tot die nuwe Burgemeesteres verkies nadat ook Corrie Ob. in die stof voor haar moes byt. Onder dawerende toejuiging vlieg sy af van die stalasie terwyl jy net vere en pote sien trek.

JURIE VENTER: "Call me Madame!"
WINTIES v. NIEKERK: "Untamed!"
MADELIEF SCHOEMAN: "The Stars are Singing."
LILA MALAN: "Blossoms in the dust."
MARIETA DU PLESSIS: "Captain Long John Silver."
KIERIE DU RAND: "Robinson Crusoe on Ice."
MARIETJIE DU PLESSIS: "Naughty Marietta"
DANIE ERASMUS: "Little Boy lost."
DICK PUTTER: "Bicycle Thief."
SELMA v. SCHOUWENBURG: "Genevieve."
JAPIE LABUSCHAGNE: "Mark of the Gorilla."
FERDIE BOTHA: "With a Song in my heart."
ELSIE OOSTHUIZEN: "The bad and the beautiful."
TOKKELOK v.d. WALT: "Dark Victory."
VANESSA HEIBERG: "Jizebel."
JAN VISSER: "All the brothers were Tall."
JOE SCHOEMAN: "Fatal First Love."
BOUWIE DE KLERK: "Lone Wolf in Tom Street."



Mnr. Casper Venter, nog 'n oud-P.U.-Kaner wat 'n betrekking by Rembrandt aanvaar het en laat weet dat Rembrandt rokende studente gelukkige Rembrandt-agente is. (Adv.)

Mnr. Danie Schutte, oud-P.U.-Kaner wat nou in diens van Rembrandt is, sê: „Omdat ek 'n Puk is rook en werk ek net vir Rembrandt." (Adv.)



# BROSJURE-UITSLAE.

## *Onkunde .... of Sarkasme?*

1. Die S.R. word saamgestel deur die oud-voorsitter.

2. Die S.R. se verhouding tot ander klubs en liggame is—vriendelik. Die S.R. kan iemand slegsê soos hy wil.

3. Die taak van die dirigent is om ander dirigente te smeer op Intervarsitie.

4. Die hele kerk is „genoem" (?) onder die leuse: :Fac et Spera.

5. Prof. F. Postma het die toon aangegee en rektor geword.

6. Die een wat uitval is die Fiesie-Voorsitter.

7. In die Pukkie word alle klagtes ens. op 'n geestige manier gestel.

8. Die doel van die A.S.B. is verteenwoordiging van die studente by die regering.

9. Korps V.V. — noodsaaklik, want die onweerswolke hang swaar oor die Calvinistiese bestaan.

10. 'n Studentegemeenskap word in die volgende hoofgroepe verdeel: (a) Ou-here en dore; (b) Oudames en (c) drake. Groep (a) is die toekomstige leiers van ons volk. Groep (b) sal die volksmoeders wees en (c) het geen toekoms nie. Groep (b) neem gewoonlik huishoudkunde om Stoffeerdery te swat aangesien hulle op 'n skoon rak wil sit.

11. Erekleure.—Die pers en S.R. kan enige persoon aanbeveel.

STUDENTE . . .!!!
Vir al u
Handboeke,
Skryfbenodighede,
Leertasse,
Geskenke, ens.!
EBSOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.
POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL
Kerkstraat 90,
Telefoon 497,

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

P. W. BUYS,
U Verteenwoordiger van
REMBRANDT
Meyerstraat 9 —— Telefoon 897.
POTCHEFSTROOM.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt
KURK, ONGEKURK OF FILTER
TANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA13c

# Hoofdis Sal Verbete Stryd Wees

## LAASTE KANS VIR PLEK IN TOERSPAN.

### PUIK WEDSTRYDE IN VOORUITSIG

**INTERVARSITY!! Ja-nee dis weer sulke tyd. Die tyd waarna elke student dors vanaf die begin van die jaar en selfs tot in lengte van dae word daar nog geherkou aan sulke gebeurtenisse.**

Dink ons aan die woord Intervarsity dan dink ons aan 'n „groot" dag dog onwillekeurig gaan ons gedagtes uit na die laaste wedstryd van die dag. Hierdie laaste wedstryd wat dan vandag om ——— nm. plaasvind sal nog so 'n bietjie meer ekstrak in die mengsel hê want tegelykertyd dien dit ook as 'n proefwedstryd vir die samestelling van 'n span van die Noordelike Universiteite wat later gedurende die seisoen 'n toer Noord-Rhodesië beoog.

Op hierdie stadium sal dit moeilik wees om name te noem van 'n verteenwoordigende span dog volgens vertonings kan ons tog 'n klompie manne uitsonder wat moeilik uit hierdie span gelaat kan word. Geoordeel volgens die onlangse kragmeting tussen die Pukke en Witsies en die prestige van sommige van die Tukkies kan ons min of meer die volgens keuse maak:

**Indien Freddie Herbst deur die Transvaalse-rugby-unie toegelaat sal word is hy 'n sekere keuse vir die heelagterposisie.**

Wat die vleuels betref beskik die Tukkies oor twee aanspraakmakers in Barnard en Ras. Wits darenteen het 'n man soos Pike wat nie onderskat moet word nie en in ons eie geledere Blom en Steenkamp. Om veiliger te wees, val ons keuse op **Ras, Steenkamp en Pike.**

Daar is blykbaar 'n tekort aan senters en twee wat die paal behoort te haal is **de Wet en Kaminer.** De Wet om die gaping te maak en Kaminer om die spoed by te dra.

**Tys van Zyl as losskakel se spel verbeter met elke wedstryd en kan beskou word as 'n sekere keuse. Die vraag ontstaan net wie sy skakelmaat sal wees —sy spanmaat of Duvenhage.**

Wat die voorosse in die mou voer is 'n raaisel en die beste sal miskien wees om lootjies te trek. Die feit dat die Pukke met sewe voorspelers die lynstane asook die skrums bemeester het teen Wits dui daarop dat die Pukke tenminste 3 voorosse vir hierdie gesogte span kan stoot.

Ons eie kaptein behoort sy man deeglik te staan vir hierdie span soos wat hy sy man staan teen ander provinsiale voorrymanne en aan die anderkant van die voorry Dick Putter mits sy skouer hom teen daardie tyd nie meer las besorg nie. J. C. Strydom weet hoe om 'n bal vinnig by die agterkant van sy „eie" skrum te laat uitwals soos hy onlangs teen Rosenburg van Wits dan ook gedoen het.

Ons slotte is blokke van manne dog die Tukkies beskik oor soortgelyke blokke en ons kan maar net dankbaar wees dat ons nie die taak van die keurderst het om te verrig nie. By die slotte sal hulle 'n groot taak hê om te verrig om dan nie van die losvoorspelers te praat nie. Ons beskik natuurlik oor twee provinsiale speler op dié gebied dog weet nie wat die Tukkies se bydrae hier kan wees nie. Wat Wits hier op die spyskaart aanbied is Zar, 'n man wat 'n hele veld vol spore trap en sy opportunistiese spel laat niks te wense oor nie. Die keurders mag miskien op Steenkamp besluit omdat hy teen Wits getoon het dat hy hulle senters lelik in die wiele kan ry en as heelagter hom heeltemal goed van sy taak kan kwyt.

Hoe dit ookal sy die stryd behoort vanmiddag in erns te woed aangesien albei spanne sy aanspraakmakers het vir die span van die Noordelike Universiteite en te meer elke span het 'n prestige om weer vanaf die fondament af opgebou te word, die Tukkies se neerlaag teen Wits en die Pukke teen U.O.V.S.

Wat die Tweedes betref kan geen voorspelling gewaag word nie. Die Navy is oorgehaal met 'n agterlyn wat sommer baie vuur inhou en die Tukkies sal moet ligloop.

**Onder-19:**

**Die Onder-19 spannetjies behoort aantreklike rugby te speel is en in vergelyking met die twee botsings teen Wits waarvan die Pukke albei gewen het met 9-3 en 25-3 dui dit op 'n groot gevaar vir die Tukkies.**

Die Derdes behoort ook „rugby" te speel indien albei spanne se spelers betyds opdaag vir die „groot stryd" en sal die Fires alles in hul vermoë doen om hul reeks oorwinnings voort te sit wat insluit 'n oorwinning oor U.O.V.S.

Sprake doen die rondte dat ook die Vierdes mekaar sal aandurf al moet hulle dan ook 'n stuk of veertien spelers 'n uur vóór die wedstryd bymekaar maak om op te draf.

'n Dag van rugby dus en laat dit die leuse van elke speler wees om lekker Intervarsity rugby te speel om ons Nasionale spel sodoende 'n eer aan te doen.

## *Diknekke en Breeborste . . .*



Eindelik is 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik: vir die eerste keer bestaan daar nou op Puk ook 'n suiwer amateur stoeiklub. Op die foto is twee van die matmanne besig om mekaar deeglik op te keil terwyl 'n groepie van die stoeietnoesiaste toekyk en grepe aanleer.

### Onderskeiding vir Vyf Dames.


**Op die korfbal-proefwedstryde wat verlede Saterdag op P.U. gehou is het die Pukspan so geskitter dat nie minder as vyf dames gekies is vir die Wes-Transvaalse span nie. Hulle is:**

**Mej. Hansie v.d. Walt;**
**Mej. Annemadie v.d. Walt;**
**Mej. Sannie v.d. Schyff;**
**Mej. Sophie Erasmus;**
**Mej. Lidie Bekker.**

O.K. BAZAARS (1929) LTD.
Kerk Street,
POTCHEFSTROOM
*FOR YOUR EVERY NEED.*
Consult us first for your
STATIONERY AND REQUIREMENTS.

MNR. H. STAVAST.
**Kerkstraat 53, Potchefstroom.**
DIE VERE MAAK DIE VOËL,
**STAVAST**
SE KLERE MAAK DIE MAN.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL
vir
Alle Sportuitrusting en Sportbenodighede




W. J. GROBBELAAR,
Mans- en Dames-Haarkapper
**Kerkstraat 97. Foon 330.**

Probeer ons beroemde
**JAMAL MASJIENLOOS PERM**
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

MOOIRIVIER APTEEK
**Kerkstraat 155,**
Potchefstroom.
**Telefoon 380.**
*Die Apteek vir Diens.*

S & S
SOWDEN & STODDART
KERK STREET, POTCHEFSTROOM.
For Your
FURNITURE AND HOUSEHOLD
APPLIANCES NEEDS.
Trade-ins Accepted. Easy Terms Arranged.

SAAMTREK WINKEL,
Algemene Handelaars.
Von Wiellighstraat 13,
ALLE BENODIGHEDE WORD AANGEBIED.
*„Kom ondersteun ons, Pukke!"*